
# GROOTSKAALSE EFFEKTIEWE BEESBOERDERY

## LEROC BRANGUS




By Le Roc kry jy n stoet wat soos 'n normale kommersiële beeskudde hanteer word. Die enigste verskil is dat daar noukeurig data versamel word. Hier moet 'n koei van die natuurlike weiding af, 'n goeie speenkalf produseer en weer beset raak. Die bulle word as geharde veldbulle verkoop, met goeie stapvermoëns, wat weidingsaangepas is en dadelik gereed is om te gaan werk.

In 1998 koop hy "'n Brangus-bul en daar het dit alles begin". Die eenvormigheid van die eerste generasie kalwers op kruiskoeie was verbasend. Die een het soos die ander gelyk en 80% was reeds poena. Dit was egter toe hierdie kalfies gespeen word, dat ek besef het hierdie sintetiese ras ekstra geld in my sak kan sit. Die kalfies het gemiddeld 17 kg swaarder as die ander bulle se kalfies geweeg.

In 2002 registreer ek by die Brangus Genootskap met 25 ingekeurde koeie en die bul wat ek reeds gekoop het. Vandag bestaan die kudde uit 3 302 geregistreerde en kommersiële diere. Die agste Produksieveiling vind plaas op Woensdag, 24 Oktober 2018.

In 2017 is daar by Le Roc se produksieveiling oor die 460 lotte verkoop. Dit was die grootste produksieveiling in die Brangus geskiedenis, waar al die diere geneties ouerskap geverifieer is.

Hierdie kudde is ook dan die tuiste van 2016 se Brangus Miss World. Sy was in Mei 2016 as die 'Kampioen Rooi Brangus koei' aangewys op die Wêreldkongres, wat by Black Mountain hier in Suid-Afrika gehou is. Sy het daarna deurgedring en is toe as Miss Africa/Asia gekroon en toe uit 72 lande as Miss World. Vir my is sy die prentjie waarvolgens ek teël: Mediumraam, pragtige wigvorm, uistekende uier, gladde haarkwaliteit en vrugbaar.

Effektiewe beesboerdery is om die meeste vleis met die minste koste te produseer. In die proses is dit belangrik om die heeltyd die beeste se voedingsbehoeftes aan te spreek om só te verseker dat daar weer 'n goeie kalf die volgende seisoen op pad is. Brangus skep die moontlikheid om dit te kan doen. Hier by Le Roc moet 'n koei haar kalf van natuurlike weiding af speen.



Die heel belangrikste beginsel is dat jou koei elke jaar moet kalf. Vrugbaarheid is onderhandelbaar. Vergeet van sentiment oor sekere koeie, want as sy oorslaan word sy geslag. Vrugbaarheid is hoogs oorerflik en dit is die vinnigste manier om jou kudde meer doeltreffend te kry. Deur vrugbaarheid te optimaliseer is dit nodig om klein insette te gee om sodoende te verseker dat sy weer volgende jaar gaan kalf. Gee 6 weke voor die dekseisoen haar vitamines en minerale. Veral as dit droog is, wil almal spaar, en dis juis dan wanneer daardie klein uitgawe vir jou 'n kalf die volgende jaar kan verseker. Ek het gevind die orale toediening is bietjie meer moeite, maar baie meer effektief.

Verbeter ook jou lek vir die tyd wat die bulle by die koeie ingaan. Onthou die koei moet vir haar eie liggaam sorg. Die sogende kalf word groter en vat al hoe meer voedingstowwe uit die koei se liggaam uit. Deur 'n beter lek te voorsien, hou die koei haar kondisie, kom sy vinniger op hitte en produseer sy meer melk wat op die ou einde 'n swaarder speenkalf beteken.

Net soos die koei vrugbaar moet wees, moet die bul ook. Dit gaan nie net daaroor dat die bul vrugbaar getoets het en skoon van geslagsiektes is nie. Soos ek reeds genoem het, is vrugbaarheid hoogs oorerflik en moet die bul ook uit 'n vrugbare moederfamilie kom. Doen jou huiswerk voor jy 'n bul koop.

Dink so daaroor: As hy vir jou 25 kalfies per jaar gee, en hy gaan 7 jaar in die kudde wees, het hy 50% invloed op 175 van jou kalwers. As hy uit 'n vrugbare familie kom, en jy selekteer om jou koeie vrugbaar te hou, dink hoe vinnig gaan hul nageslag in 'n vrugbare rigting inslaan.

Noudat ons sien op hoeveel kalfies jou bul 'n invloed het, is dit net so belangrik om te kyk na hul groei. Die meeste beesboere verkoop speenkalwers, en dit is waarom ek die laaste paar jaar konsentreer om bulle te gebruik wat goeie groei op hul 200 en 400 dae syfers toon. Dit is tog wat geld in ons sakke sit. Die Brangus is bekend vir sy klein kalwers met geboorte, maar ek kyk eerder na kalwingsgemak. Daar is 'n baie groot korrelasie tussen geboortegewig en groei. Ten einde ons speengewig te verhoog, sal die geboortegewig ook bietjie toeneem, maar vir my is dit nie 'n probleem nie, solank dit net met kalwingsgemak gepaard gaan.

Die Brangus-koei werk vir my, want sy is 'n goeie moeder met genoeg melk, lae onderhoud, langlewend en lewer kalwers wat in aanvraag by die voerkrale is.

**BRANGUS GROETE**




WRITTEN BY

**MORNAY VERSTER**

082 779 1454 | www.leroc.co.za